COMMUNITY NEWSPAPER

# Gans Berg Nuus/News

PRICE R15.00

29 Augustus 2025

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

266ste Uitgawe




Coastal HIRE

GANSBAAI

076 924 9915

gansbaai@coastalhire.co.za

7A Industry Circle, Gansbaai, 7220.

Serving all your equipment hire needs




# Nuwe Gansbaai 'Areabestuurder' tydelik aangestel...

## -Marzaan Middleton-

Die langverwagte aanstelling in die pos van Areabestuurder - Gansbaai/Stanford, wat intussen gewysig is na **Publieke Skakeling: Gansbaai/Stanford - Gemeenskapskakelbeampte**, het uiteindelik, lank na mnr. Kat Myburgh se aftrede, gerealiseer.

Te midde van Vrouemaand is **Marzaan Middleton** met ingang van 11 Augustus 2025 amptelik aangestel as **Waarnemende Publieke Skakeling: Gansbaai/Stanford - Gemeenskapskakelbeampte (*Public Liaison: Gansbaai/Stanford - Community Liaison Officer*)** by die Gansbaai Munisipaliteit. Dit is die pos wat voorheen deur mnr. Myburgh, voormalige Areabestuurder, tot en met sy aftrede beklee is. Marzaan sal die pos tot en met 31 Januarie 2026 beklee, waarna dit amptelik geadverteer sal word.



*Marzaan Middeleton*

Marzaan is reeds op 1 Februarie 2007 as mnr. Myburgh se sekretaresse aangestel en het sy pligte en verantwoordelikhede tot in die fynste detail bemeester. "*Mnr. Myburgh se kantoor, Marzaan Middleton wat praat*!" - wie in Gansbaai het nog nooit hierdie bekende woorde, met die vriendelike stem daaragter, gehoor nie?

Niemand het destyds kon dink dat die dag sou aanbreek dat iemand anders dit nou van haar sou sê, terwyl sy self nou agter daardie bekende lessenaar ingeskuif het. Marzaan is met Wayne Middleton getroud en die egpaar het twee kinders.

Sy beskik oor talle toekennings en kwalifikasies, waaronder die volgende:

Burgemeesterstoekenning; MFMA (Municipal Finance Management Act) Sertifikaat; Diploma: Public Accountability (Cum Laude); Advanced Diploma: Public Accountability (Cum Laude); Acting Senior Executive Support Officer vir die Direkteur: Gemeenskapsdienste; Oorplasing na Hermanus Kantoor as Administrator: Strategic Support Officer; Long Service Award - 20 jaar; en dit is maar kortliks gemeld!

Die redaksiespan van **Gans-Berg Nuus** wens Marzaan alle sukses toe met haar aanstelling en vertrou dat sy hierdie verantwoordelikheid volwaardig en met groot sukses sal vervul.

**Hardus Botha**

Galvatech
Corrosion Protection Specialists

Galvatech - Korrosiebeskerming Spesialiste diens nou
Gansbaai en Omgewing!




Beskerm jou staal teen die elemente met Galvatech se gehalte-afwerkings - vinnig, betroubaar en professioneel.

- Hot Dip Galvanisering
- Epoxy Powder Coating
- Shot/Sand Blasting
- Industriele Spuitverf
- Galvanisering SANS 121 Goedgekeur

Of jy nou 'n boer, kontrakteur of ingenieur is - Galvatech help jou om jou staalwerk reg te beskerm, die eerste keer!

Diens beskikbaar in Gansbaai en omliggende dorpe - Skakel vandag nog of besoek galvatech.co.za

021 951 1211
066 474 6967
sales@galvatech.co.za




# Augustusmaand...Vrouemaand

In die vorige uitgawe van die Gans-Berg Nuus, het Carine Fourie Badenhorst ons lesers teruggeneem na die oorsprong van Afrikaanse Vrouedag. Sy het na die Anglo Boereoorlog, die Tweede Vryheidsoorlog en Eerste Wêreldoorlog verwys - met duisende vroue wat in konsentrasiekampe was. Ongeveer 5000 vroue, onder leiding van Hendrina Joubert ('n 84-jarige weduwee) neem op 4 Augustus 1915 deel aan die eerste vroue-optog - verteenwoordigend van altesaam 65000 vroue wat bygedra het by wyse van telegramme en versoekskrifte. Hierdie gebeurtenis het ook gelei tot die stigting van die Vroue Nasionale Party.


*Hendrina (Drienie) Joubert (Foto: Facebook/Erfenisstigting)*

In dieselfde uitgawe is ook 'n berig geplaas oor 'n Skaterlag Vrouedag wat deur sowat 200 gaste bygewoon is, en so sluit Gans-Berg Nuus Vrouemaand af - met die gedagte dat dit eintlik Vrouejaar moet wees. Gans-Berg Nuus het belowe dat nog Vrouedagvieringe in die volgende uitgawe geplaas sou word, wat nou gedoen word - blaai gerus verder.

**Hardus Botha**

# Soul & Sanctuary Soirée...Vrouedagviering vol Geure, Liefde en Musiek


***Nianell.***

Op Vrouedag, 9 Augustus 2025, was die Great White House Restaurant in Kleinbaai 'n warm toevlugsoord vir almal wat sielskos, inspirasie en mooi musiek gesoek het.

Janine Taylor vertel die middag het begin met die L-Gin Craft Gin-vrouetrio, wat gaste betower het met hul unieke handgemaakte gin uit die Elginvallei. "Met elke slukkie het stories en herinneringe gevloei - 'n viering van vroulike kreatiwiteit en passie," sê sy. Daarna was dit Sjef Chris Pead wat die gehoor verras het met sy vertellings oor hoe musiek en klank 'n gereg kan verander. Hy het gaste laat besef dat kos nie net oor smaak gaan nie, maar ook oor hoe elke sin saamwerk om herinneringe te skep.



Die hoogtepunt het aangebreek - met Nianell op die verhoog en die atmosfeer wat luisterryk verander het. Haar 'engelstem' het harte oopgesluit en soms trane laat vloei. Bekende liedere soos *Die Oomblik is Nou*, *Life Simplified*, Who Painted the Moon Black en *How Beautiful Love Can Be* het soos 'n warm lig oor die gehoor gestraal. Tussen die note deur het sy haar kernboodskap gedeel: *Ware liefde begin by jouself en jy is die skepper van jou eie lewe*.

Na afloop van die musiek het die kombuis van The Great White House gaste bederf met 'n fees van soet en sout vingerhappies. 'n Groep dames wat saam in 1981 in die Strand matrikuleer het, het hul herdenking terselfdertyd gevier - 'n herinnering dat ware vriendskap ook 'n vorm van liefde is. Janine sê die spesiale Vrouedagvieringe was soos 'n Geskenk vir die Siel.

**Hardus Botha**




**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct for the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




# LSG se Leerlingraad vir 2026

Laerskool Gansbaai (LSG) het met trots hulle Leerlingraad vir 2026 aangekondig. “Ons is trots om aan te kondig dat die Leerlingraad van 2026, met die hulp van *Voting Crowd*, 'n elektroniese verkiesingsplatform, aangekondig is,” lui LSG se skrywe. “Baie geluk aan elke leerder wat verkies is - julle is die stem en die voorbeeld van ons skool en ons glo dat julle met trots, verantwoordelikheid en leierskap gaan dien om 'n verskil in 2026 te maak.”

**LSG se Leerlingraad vir 2026 is:**
Lisa Beets, Chelsey Els, George Ferreira, Johané Gericke, Abbigail Hage, Luchay Jansen, Surané Jansen van Rensburg, Luke Julies, Maks Kotze, André Leach, Chelsey Louw, Zean Ludick en Keagan van der Westhuizen.

Hiermee ook Gans-Berg Nuus se opregte gelukwense aan die verkose Leerlingraad. Die redaksie-span wens julle alle sterkte toe met julle groot uitdaging en werksaamhede in 2026. (*Foto verskaf*)

**Hardus Botha**

# Welkom aan Kapt Blance Davids

Dit was nog altyd 'n vreugde vir Gans-Berg Nuus om nuwe SAPD-lede in ons midde te verwelkom. Hierdie keer is dit Kapt Blance Davids (51) wat as Gansbaai SAPD se nuwe VISPOL-Bevelvoerder met ingang van 18 Augustus 2025 welkom geheet word.
Kapt Davids is egter nie 'n 'nuweling' in Gansbaai nie - sy woon al sedert 2012 in Gansbaai. Aanvanklik was sy Stasiebevelvoerder van Stanford-SAPD. Daarna is sy na Overberg Distrikskantore oorgeplaas, waar sy vir sowat 'n jaar as Generaal Mochologi se Staff-Offisier gewerk het.
“Met die vakante pos wat in Gansbaai ontstaan het, het ek aansoek gedoen om hierheen verplaas te word, aangesien ek hier woon,” het sy gesê. “Ek het my aanstelling hier met ope arms aanvaar en my grootste uitdaging is om 'n posetiewe verskil te probeer maak.”

**Hardus Botha**


*Kapt Blance Davids, Gansbaai SAPD se nuwe VISPOL-Bevelvoerder.*





**Contact us to Advertise:**

Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za
Freda:063 668 4577
freda@gansberg.co.za












# Gansbaai neem afskeid van Daan Victor (83)...



Daan Victor
(26 November 1941-19 Augustus 2025)



Voor: Daan en Marthie Victor met Daneil en Luca (kleinkinders). Agter: Wynand (seun), Talita (dogter) en Eugene (skoonseun).

**Ingenieur, sportman en toegewyde gelowige**

Andries Daniël Wynand (Daan) Victor (83) se onverwagse heengaan op Dinsdag, 19 Augustus 2025, ná 'n siekbed van slegs sowat 'n week, het hartseer en skokgolwe in die gemeenskap, sowel as binne kerklike- en gholfkringe, veroorsaak. “Daan het die Saterdag voor sy siekbed nog gholf gespeel,” vertel sy eggenote, Marthie. “Maar, ongeag wie en wat Daan alles was en oor hoeveel grade hy beskik het, is daar een eienskap van hom wat bo alles uittroon: Hy was 'n opregte kind van Jesus,” het Marthie en Wynand, Daan se seun, tydens 'n onderhoud met die *Gans-Berg Nuus* met diepe oortuiging gesê.

Daan, 'n afgetrede elektriese ingenieur, is op 26 November 1941 in Upington gebore. Hy het vyf broers (waarvan drie reeds oorlede is) en twee susters (waarvan een oorlede is). Daan het in Karos, sowat 40 km vanaf Upington, grootgeword en tot graad 7 skoolgegaan. Ná sy pa se aftrede as skoolhoof, verhuis die gesin na Potchefstroom, waar Daan einde 1959 aan die Hoër Volkskool, Potchefstroom, matrikuleer. Daarna het hy onder andere die volgende kwalifikasies verwerf: agt jaar aan die Universiteit van Stellenbosch (B.Sc. B.Ing, Swak- en Swaarstroom - 1969), en drie jaar deeltyds aan die Universiteit van Pretoria (M.Ing, Ingenieursbestuur - 1992). Op 12 Desember 1969, bykans 56 jaar gelede, tree Daan met Marthie (Olivier) van Kimberley in Stellenbosch se Moedergemeente in die huwelik. Marthie is 'n gekwalifiseerde pre-primêre onderwyseres en was in Gansbaai aktief betrokke by *Cool Kids* en die nasorgdiens vir graad 5's in die Gansbaai AGS-gemeente. Uit die huwelik is twee kinders gebore: Wynand (51), 'n senior forex-konsultant by Corporate and Investment Banking, en Talita (45), getroud met Eugene Dollman. Talita en Eugene is sendelinge tussen Nepal en Indië en hul het twee seuns: Daneil (14) en Luca (12).

Daan se beroepslewe getuig van jare se ingenieurs-ervaring en uitsonderlike prestasies. Op sportgebied het hy ook uitgestaan en verskeie toekennings ontvang. Hy was 'n kranige rots- en strandhengelaar (kampioen) en het op die hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga gedien. In Maart 2003, ná Daan se aftrede (en Marthie s'n 'n jaar later), het die egpaar van Durban na Franskraal verhuis. Daan het sedert 1975 verskeie posisies in kerklike verband beklee. Sedert 2003 was Daan 'n integrale deel van Gansbaai Gholfklub (Sien gholfberig in hierdie uitgawe) - met twee kolhoue (“hole-in-one”) agter sy naam.

'n Lewensvieringsdiens vir Daan is op Dinsdag, 26 Augustus 2025, deur ds. Ben Blom in die NG Kerk, Gansbaai gehou. Die kerkkoor, waarvan hy sedert sy aankoms in Gansbaai lid was, het *God is Liefde* tydens die diens gesing. Daan se afsterwe laat 'n groot leemte in die gemeenskap, die NG Kerk en die Gansbaai Gholfklub agter - lank sal sy nagedagtenis voortleef.

**Hardus Botha**










VEOLIA

**POSITION: Assistant Process Controller (Franskraal WTW)**

**REQUIRED COMPETENCY AND/OR QUALIFICATIONS:**

- Grade 12 plus maths and physical science
- NQF0 Operator Certificate in Water and Waste Treatment
- Registered at least as a Class 0 Process Controller with the Department of Water & Sanitation
- No relevant experience required
- The incumbent must have a strong working knowledge of treatment technologies.
- Must be able to read operational manuals and other resources to apply knowledge for the effect, efficient and sustainable management and operation for treatment plants.
- Computer Literacy – in the google workspace tools and experience in the cloud.
- Valid driver's license
- Form part of rotational shift cycles

**STARTING DATE: As soon as possible**

APPLICATIONS, IN THE FORM OF A CV, COVERING LETTER WITH CERTIFICATES, SHOULD BE SUBMITTED TO RUTH WEIDEMAN (ruth.weideman@veolia.com) HR DEPARTMENT IN HERMANUS BY NO LATER THAN THE CLOSE OF BUSINESS, **Thursday, 04 September 2025**.

SHOULD APPLICANTS NOT HAVE RECEIVED A RESPONSE WITHIN 30 DAYS OF THEIR APPLICATION THEY SHOULD CONSIDER THEIR APPLICATION AS UNSUCCESSFUL.

# Kreatiwiteit straal by Hugo Naudé Kunssentrum

Kuns het die vermoë om mense se harte aan te raak en hulle op 'n reis te neem sonder dat hulle 'n voet hoef te versit. Hierdie waarheid het ek self beleef by die Creative Expo van die Hugo Naudé Kunssentrum. Dit was nie net 'n uitstalling van kuns nie, maar 'n fees van kleure, kreatiwiteit en inspirasie. Van die oomblik dat ek ingestap het, het ek gevoel asof ek in 'n ander wêreld is - 'n wêreld waar elke muur, tafel en hoekie sy eie storie vertel en die verbeelding laat vlieg.

Die Kunssentrum was asemrowend. Skilderye het soos vensters na ander wêrelde oopgegaan - vol helder kleure, vorms en emosie. Party skilderye het vrolik gelyk, terwyl ander diep gevoelens en gedagtes oorgedra het. Beelde en handgemaakte kunswerke het ongelooflike vaardigheid en geduld getoon. Ek kon sien hoeveel ure, harde werk en toewyding in elke stuk ingesit is. Elke kamer het sy eie atmosfeer gehad: sommige rustig en stylvol, terwyl ander vol energie en beweging gevoel het. Dit het regtig gevoel asof ek deur verskillende wêrelde stap, elkeen met sy eie unieke boodskap.


Die onderwysers van die Hugo Naudé Kunssentrum het met passie verduidelik wat in elke klaskamer gebeur. Hulle het vertel hoe leerders leer, oefen en hul eie stem deur kuns ontdek. Dit het aan al die besoekers 'n beter begrip gegee van die harde werk wat agter elke kunswerk lê. Hul entoesiasme was aansteeklik en het dit vir ons makliker gemaak om die kreatiewe prosesse agter elke stuk te waardeer.
Een van my persoonlike hoogtepunte was om self deel te neem. In die ontwerpklaskamer het ek 'n kans gekry om 'n beursie te maak. Om iets met my eie hande te skep en te sien hoe dit vorm aanneem, was besonders en het my trots laat voel. Nog meer opwindend was die fotografiekamer. Die ruimte was donker, met 'n rooi lig wat 'n geheimnisvolle en byna toorkunsagtige atmosfeer geskep het. Toe ek foto's neem en die lig net op ons geskyn het, het dit regtig gevoel: *"Dit is my kans om te skyn!"* Dit was 'n ervaring wat ek nie maklik sal vergeet nie.

Die hele dag was 'n viering van talent en kreatiwiteit. Die Creative Expo het nie net my waardering vir kuns verdiep nie, maar het my ook laat voel asof ek deel van iets groter is. Ek het die sentrum verlaat met nuwe bewondering vir die jong kunstenaars, die toewyding van die onderwysers, en die vreugde van 'n dag vol inspirasie en kreatiwiteit.

Die Creative Expo by die Hugo Naudé Kunssentrum het my gewys dat kuns nie net iets is wat jy bekyk nie - dit is iets om te beleef, te voel en selfs te leef. Elke kamer, elke uitstalling en elke projek het bewys dat kreatiwiteit 'n lig in ons lewens kan bring. Hierdie dag van kuns en verbeelding sal vir my altyd bybly as 'n inspirerende en opwindende ervaring.
(*Jo-Anne September het Gans-Berg Nuus se 'Maak jou veters vas…met Gans-Berg Nuus', se uitnodiging aanvaar om te reis, te ontdek, te geniet en te beleef, maar ook met ons lesers te deel. Die redaksiespan sien uit na 'n volgende avontuur waar die veters vasgemaak word!*)



***Jo-Anne September***



*Die beursie wat Jo-Anne self gemaak het.*






Fotos wat Lisa moes neem vir die Fotografieklas.







## KENNISGEWING

In die Boedel van wyle
MARTHINUS LAURENTIUS HUDDLESTONE
Identiteitsnommer 451225 5005 084
ongetroud.
woonagtig ten tyde van lewe te
123 Schneiderstraat, Franskraal, Gansbaai
Wes Kaap Provinsie
(Boedelnommer 017144/2023)

Kennis word hiermee gegee dat die 1ste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae lê by die Meester van die Hoë Hof te Kaapstad, en by die Landdros Hermanus vir n tydperk van 21 dae gereken vanaf 29 Augustus 2025

RICHARDS PROKUREURS
35 Barnardstraat
GANSBAAI
7220
TEL 028 384 1255
VERWYSING: RR1931

Richards Attorneys






# Ons verken Botswana en Namibië -Deel 5-

In Deel 5 gaan ons voort met die egpare Fanie en Judy Bothma (toerleiers) van Franskraal, en Dolf en Elna Nel van Saldanha, se reis deur Botswana en Namibië (8 Mei tot 27 Junie). Elna Nel se kunstige dagboek, *BOT-NAM Avontuur*, bly 'n bron van uitstekende inligting.









Op dag 24 (31 Mei) staan hulle vroeg op en maak 'n draai by die *Kierie Shop* vir koffie en vuurwarm kaasbroodjies vir die lang pad. Daarna draai die voertuie in die rigting van Ruacana. Die Garmin dui aan dat Etosha Nasionale Park links van hulle lê, en in die noordooste die Oshikoto-gebied. Sowat 5 km vanaf Ondangwa begin die straatligte, saam met baie informele stalletjies. Judy vertel dat, toe hulle 14 jaar gelede hier deurgery het, daar net mooi niks was nie. Elna merk op dat dit interessant is dat die name van dorpe in die streek almal met 'n "O" begin. Oshakati is 'n moderne dorp. By Ruacana maak hulle brandstof vol en besoek die waterval. Daarna ry hulle al langs die Kunenerivier stroomaf in 'n westelike rigting.

Hulle ry verby verskeie kampplekke en oorde langs die Kunenerivier na hul bespreekte kampplek by Kunene River Lodge, waar hulle vir twee aande sou oornag. Aangesien die oord egter onlangs oorstroom het, was daar geen akkommodasie beskikbaar nie. Hulle beweeg toe verder stroomaf op soek na 'n geskikte oornagplek of "wild camping"-staanplek.

Op pad stop die egpare by Swartbooisdrift en besigtig die Voortrekkergrafte van die Dorslandtrekkers wat daar deur die Kunenerivier getrek het op pad na Angola. Later is daar ook 'n Dorslandtrek-monument opgerig, met 'n klompie grafte en grafstene. "Ons kan ons nie indink hoe daardie mense se lewens was nie, en of alles die moeite werd was, aangesien hulle alles verloor het wat hulle gehad het," skryf Elna. Baie van hulle het ook later weer uit Angola teruggetrek, nadat heelparty daar oorlede en begrawe is - Fanie en Judy het al voorheen van daardie grafte besoek tydens 'n toer na Angola.

Hulle ry verder teen die Kunenerivier af en kry twee aanwysingsborde: *Community Camp* en *Picnic Spot*. Dit eindig toe in "wild camping" en Elna vertel hoe rustig hulle langs die Kunenerivier gekamp en op die sandbanke rondgestap het. Dolf het vroeër by 'n stalletjie vir die snaaksigheid gedroogde mopaniewurms, "ground beans" wat uit die grond gehaal word, 'n bessie wat van 'n boom gepluk word, en gelerige vrugte met "punte" gekoop. Dit word *narra* genoem, en Dolf sê dit laat hom aan 'n handgranaat dink. Die twee dae se "wild camping" was heerlik, in die skadu van die groot bome. Hulle kon lekker vure maak met die stompe en hout-opdrifsels wat daar in oorvloed is. Himbas met hul beeste en bokke het op die 4x4-pad verby geloop, en hulle kon met hulle gesels en ook mooi foto's neem.

Maandag, 2 Junie, ry hulle verder en draai by die Enyandi Campsite in, waar hulle heerlik op die rivierwal onder groot skadubome piekniek hou. Die veld teen die berg is vol mopaniebome, en hulle sien 'n nuwe voël vir die "boeke": 'n korttoonkliplyster. Met die oopmaak van die hekke by Epupa Lodge kon hulle reeds die gedruis van die valle hoor - hulle kamp teen die rivier se wal met 'n onverbeterlike uitsig op die valle. Hulle stap na die valle wat oor 'n wye gebied strek, en Elna beskryf dit as absoluut asemrowend.
Na nóg 'n interessante gedeelte verken ons Namibië volgende week in Deel 6 verder saam met die egpare, op pad na die "groot wildernis" suid in Kaokoland.

**Hardus Botha**

The Beach House Hub
Residential, Commercial & Corporate Fencing
072 787 5486 / admin@thebeachhousehub.com
Wide range of options available:
Clearview & Betafence
Palisade & Ornamental Fence
Vibracrete & PVC Fence
Weldemesh & Diamondmesh
Field Fence & Farm Fence
Gates & Gate Automation
Fire Boma's & Braai's out/indoors
Patio's & Pargola's
Catio's & Modern Pet Cages
xplorio
Because good fences make great neighbours!!
Kamba Fences
Farm, Ornamental & Residential Fencing
082 411 9969 / sales.kamba@gmail.com



# START BUILDING






















# START BUILDING















# Print and Online Marketing: Why Promoting Events Matters

There's so much more to spring in the Overberg than golden canola fields and southern right whales showing off along the coast. This new season is also a time when the calendar fills up with festivals, markets, and other social activities.

In this article, we discuss why events are important to our community and how organisers and business owners can use print and online marketing to promote them.

We also share easy, community-friendly ways you can boost happenings in your town so that everyone can share in their success.

**Why Small Towns Need Homegrown Celebrations**

Planned events give us moments to look forward to. They are also an opportunity to showcase what the area has to offer.

Bringing people together around shared passions such as music, art, and food reminds us that even if we don't cross paths often, our common interests create lasting connections.

**Activities Feed Tourism**

Homegrown activities also draw visitors from far and wide. When visitors roll into town for a festival, they fill tables at restaurants, stay at guesthouses, and support small businesses. Their spending ripples through the community, supporting local businesses and keeping the economy healthy.

In short, a well-supported event can lift an entire community.

**How Effective Marketing Makes a Difference**

Even the best events need to be seen ahead of time, to be attended. Good marketing turns interest into a crowd.

Let's take a closer look at the benefits of marketing:

**Awareness**

No one can show up to something they've never heard of. Simple, consistent messages put the date, time, and "why you should be there" in front of the right people.

Example: A local fundraiser in Napier could go unnoticed if it relies on a single poster outside the supermarket. But, when it's added to Xplorio's event calendar and featured in Gans-Berg Nuus / News, the details reach thousands of people looking for something to do!

**Attendance**

Once people are interested in an event, clever marketing helps seal the deal, turning curiosity into tickets sold and stalls booked. That makes managing logistics much easier.

Example: The Caledon Music Festival lists its performers and event details on Xplorio, making information easy to access. Gans-Berg Nuus / News publishes a feature on one of the festival's classical artists, creating buzz.

Together, these efforts turn casual interest into ticket sales, ensuring seating and catering are well-organised.

**Momentum**

A well-promoted festival can become a yearly favourite. Sponsors stay interested, and attendance grows.

Example: Star Search Overstrand is listed on Xplorio each year, with updates being shared in the countdown to the event final. Gans-Berg Nuus / News adds coverage by featuring articles about the contestants and what the organisers and sponsors aim to achieve. Over the years, the search for the area's most talented youth has become a much-anticipated annual event.

**When Communities Get Involved, Events Thrive**

When locals, businesses, and organisations pitch in, everyone benefits.

Businesses can spread the word by cross-promoting, displaying posters, sharing social media posts, or offering specials.

Schools and clubs can join in with performances, displays, or stalls, bringing ready-made audiences and adding variety that keeps events family-friendly.

Residents can share details online, invite friends, and lend a hand on the day.

**Here's an example:**

Take the upcoming Chelsea Flowers in Stanford show at the Stanford in Bloom spring festival. Thousands of people eager to see South Africa's gold award-winning display are busy planning their trips well in advance. They are booking overnight stays, researching nearby towns and attractions, and making a weekend of it.

The knock-on effect will be felt everywhere, not only in Stanford. Come festival time, guesthouses will fill up, restaurants will stay busy, and even the smallest shops will have the opportunity to see new faces through their doors. From clothing stores and art galleries to the supermarkets that stay open for a few extra hours each day, everyone benefits when an occasion draws a crowd this size.

This is an open invitation for you to be part of it!

**Combining Print and Digital to Spread the Word**

When it comes to getting people through the door, both print and digital have a role to play. Print builds trust and grabs attention, while digital delivers all the details and last-minute updates. Using them together ensures no one misses out.

**Eye-catching Print Ads: Gans-Berg Nuus / News**

A simple ad in Gans-Berg Nuus / News, a trusted source for area news, can spark interest and reach the right audience.

**Three Reasons Why Print Still Packs a Punch**

Credibility: Readers take events seriously when they're seen in trusted publications.

Visual impact: Ads and feature articles grab attention and inspire people to plan.

Community reach: Print media could be seen by readers who might not be active online.

**Online Made Easy: Xplorio**

Xplorio is a community-driven, locally focused platform that makes it easy to share events online.

Pair your print ad with a short website link or QR code to your Xplorio event profile, where people can instantly see dates, times, booking information, maps, and last-minute updates.

A bonus is that all events on Xplorio are also shared on the town's event page, so that's double exposure!

**Three Reasons Why Listing On Xplorio Works**

Easy updates: If you change the programme, everyone sees it instantly.

Wider reach: People use Xplorio to plan their weekends in the Overberg, so your news appears where interest is already high.

Shareable: One link makes it easy to spread the word.

**Need Help Spreading the Word?**

Whether it's a small club fundraiser or a massive festival, Gans Berg Nuus / News and Xplorio will make sure your event gets noticed.

Gans-Berg Nuus / News
design@gansberg.co.za
028 205 0100

Xplorio
info@xplorio.com
072 519 2138

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Nico Groenewald - 073 919 7777
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Uilenkraalsmond - Prettige Vrouedag

Lucille Strauss van Uilenkraalsmond het besluit om 'n gesellige Vrouefunksie by die Coastal Coffee Shop, in samewerking met die eienaar, Somaya Salie, te reël - met vrouens wat sommer spoggerig in spesiale en vrolike uitrustings opgedaag het. Die een het mooier gelyk as die ander.

“Dit was 'n oggend van plesier en baie lag,” vertel Lucille. “Die vrouens was getooi met hoede en krale!” Lucille sê daar was genoeg drinkgoed saam met sout- en soet versnapperinge wat geniet kon word. “Die speletjies en geluktrekkings het ook vir groot pret en vreugde gesorg.” Te oordeel aan die foto's wat Lucille aan Gans-Berg Nuus gestuur het, was daar lanklaas so 'n groot groep vrouens in prag-uitrustings in die Oord bymekaar!

**Hardus Botha**













*Vrouedag vir SAPD was Omgee-tyd met verrassings en eetgoed wat aan kinders uitgedeel is.*




**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za


## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 29/08/2025 | Saturday 30/08/2025 | Sunday 31/08/2025 | Monday 01/09/2025 | Tuesday 02/09/2025 | Wednesday 03/09/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| 16° | 16° | 16° | 18° | 17° | 18° |
| Gentle Breeze 2 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from south 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from south 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 29 August | 0618 | 1833 | 1211 | 0046 |
| 30 August | 0655 | 1910 | 1246 | 0134 |
| 31 August | 0747 | 2009 | 1339 | 0200 |
| 1 September | 0934 | 2207 | 0302 | 1543 |
| 2 September | 1148 | 2358 | 0507 | 1751 |
| 3 September | 1248 | 0057 | 0622 | 1852 |
| 4 September | 1327 | 0138 | 0708 | 1933 |
| 5 September | 1400 | 0200 | 0745 | 2009 |
| 6 September | 0215 | 1433 | 0819 | 2043 |
| 7 September | 0249 | 1506 | 0853 | 2118 |
| 8 September | 0325 | 1541 | 0927 | 2153 |
| 9 September | 0401 | 1617 | 1002 | 2230 |
| 10 September | 0438 | 1654 | 1038 | 2308 |
| 11 September | 0516 | 1734 | 1116 | 2349 |

# CLASSIFIEDS

## FRIDGE & FREEZER Repairs
Robert Pace: 082 895 4546

## CNC Sweis & Staal
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

## Maintenance Man
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

## Gansbaai Precast: 066 495 0474
**50% Afslag op Vibracrete "off cuts" 20 of meer**

Prys sonder afslag:
300 en 400's - R10
500 en 600's - R15
700 en 800's - R20

*Spesiale aanbod geldig tot voorraad hou.*

## VIBRACRETE MURE
### Gansbaai Precast
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg

Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

## Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

## GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*

## BOSMAN VERWERS
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak
Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580

## HULP MET VUURWAPENLISENSIES
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

## PLACE YOUR ADVERT HERE

## PAVING
Quality brick paving done by professionals

**SERVICES INCLUDE:**
* Courtyard paving
* Driveway paving
* Patios and pool decks paving
* Cladding
* Pool installations/renovations
* Marbeliting

STONE AGE PAVING
Contact Deon:
082 489 3988
stoneage.projects@gmail.com

## KLEINMOND SKRYNWERKERS
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

Gans-Berg Nuus/News

## Technokil
State Registered Pest Control Services
* INDUSTRIAL & COMMERCIAL PEST CONTROL
* BEETLE INSPECTIONS
* TIMBER TREATMENTS
* FUMIGATIONS
* FRIENDLY PERSONAL SERVICE

Free Quotations
Riaan van Niekerk
082 878 7093

## 2025 SPRINGBOK FIXTURES
Live Screening Events

Springboks

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Sat, 13 September<br>SA vs New Zealand | Sat, 4 October<br>SA vs Argentina | Sat, 15 November<br>SA vs Italy |
| Sat, 6 September<br>SA vs New Zealand | Sat, 27 September<br>SA vs Argentina | Sat, 8 November<br>SA vs France | Sat, 22 November<br>SA vs Ireland |

## DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
UNITY SERVICE RECOVERY AA
ALCOHOLICS ANONYMOUS

EVERY WEDNESDAY @ 19:00

GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET

THERE IS HELP...

060 597 5419
078 307 7783



# BRAIN TEASERS / KOPKRAPPERS




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | | | | | | | | |
| 1 | | 4 | | 5 | | | 7 | 8 |
| 2 | | | | | | 9 | | |
| 8 | 6 | | | 7 | | | | |
| | | 5 | | | | | 4 | |
| | | 1 | | | | | | 9 |
| | 9 | | | | 1 | | | |
| | | | 5 | | | 6 | | 2 |
| | | | 2 | | | 8 | 3 | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | N | E | S | O | W | D | H | O | L | I | D | A | Y | S | G | F |
| S | Q | A | M | N | L | O | S | E | L | C | I | C | I | O | N | N |
| O | E | I | G | O | O | S | L | L | S | B | V | J | H | U | W | F |
| D | C | T | C | G | F | W | L | P | W | L | E | G | I | P | O | B |
| B | A | Z | A | E | O | X | M | E | W | Z | V | K | B | G | Z | W |
| L | L | A | C | K | S | B | U | A | E | O | P | G | E | K | D | J |
| A | P | T | H | U | S | C | O | E | N | T | N | V | R | L | S | O |
| C | E | W | I | N | T | E | R | T | I | R | E | S | N | O | T | L |
| K | R | W | W | F | P | F | M | A | D | O | C | I | A | T | N | L |
| I | I | G | H | X | I | S | R | M | P | A | C | N | T | S | A | R |
| C | F | M | I | T | T | E | N | S | R | E | J | A | I | O | P | U |
| E | X | H | N | O | L | I | G | F | E | G | R | P | O | R | I | H |
| R | F | A | R | S | K | C | O | S | L | O | O | W | N | F | K | O |
| H | B | M | M | C | F | M | W | L | L | A | B | W | O | N | S | J |

**ANTIFREEZE**
**BLACK ICE**
**COLD**
**FIREPLACE**
**FOG**
**FROST**
**HIBERNATION**
**HOLIDAYS**
**ICE SCRAPER**
**ICICLES**
**MITTENS**
**SCARF**
**SKATES**
**SKI PANTS**
**SLEET**
**SNOW PLOW**
**SNOWBALL**
**SNOWMAN**
**SOUP**
**STORM**
**TOBOGGAN**
**WINTER TIRES**
**WOOL SOCKS**

# ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | 3 | 4 | 2 | 7 | 8 | 6 | 5 | 1 |
| 7 | 1 | 5 | 9 | 3 | 6 | 8 | 4 | 2 |
| 8 | 6 | 2 | 4 | 1 | 5 | 3 | 7 | 9 |
| 3 | 9 | 1 | 7 | 5 | 2 | 4 | 8 | 6 |
| 2 | 5 | 8 | 1 | 6 | 4 | 7 | 9 | 3 |
| 6 | 4 | 7 | 3 | 8 | 9 | 1 | 2 | 5 |
| 1 | 2 | 9 | 6 | 4 | 7 | 5 | 3 | 8 |
| 4 | 8 | 6 | 5 | 9 | 3 | 2 | 1 | 7 |
| 5 | 7 | 3 | 8 | 2 | 1 | 9 | 6 | 4 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| O | G | L | Y | Z | Y | L | J | T | N | O | R | F | D | L | O | C |
| E | C | D | L | U | K | M | L | D | H | A | H | F | Y | H | U | V |
| V | T | Y | D | I | H | T | O | A | E | U | E | S | F | T | I | T |
| A | M | S | C | H | H | W | H | H | U | N | M | P | O | S | J | C |
| W | E | U | T | L | N | C | L | E | A | Q | F | I | I | U | S | E |
| T | T | C | S | P | O | T | D | C | R | N | S | B | D | N | L | T |
| A | E | P | O | R | E | N | I | N | G | M | I | O | D | A | E | A |
| E | O | U | R | J | E | R | E | N | I | L | O | R | B | M | E | M |
| H | R | M | F | T | R | W | I | K | I | W | A | M | M | I | T | I |
| U | O | O | S | U | R | X | O | T | F | Z | M | P | E | M | D | L |
| I | L | F | H | N | E | A | Y | H | Z | Z | G | M | J | T | Q | C |
| F | O | R | E | C | A | S | T | I | S | V | B | J | X | F | E | F |
| G | G | W | I | D | O | O | L | F | T | O | R | N | A | D | O | R |
| S | Y | J | R | I | G | B | N | O | O | S | N | O | M | P | P | L |

# Gansbaai Gholfklub

**Gholfers in rou gedompel…**
**Daan Victor**

Op 19 Augustus 2025 is Gansbaai Gholfklub in rou gedompel met die afsterwe van Daan Victor. Daan was 'n integrale deel van die ontwikkeling en groei van ons klub sedert hy in 2003 aangesluit het. Hy het deur die jare onder andere as Klubkaptein, Kaptein en President gedien. Hy was 22 jaar lank lid van SAGES en het later ook as Sekretaris en Voorsitter opgetree. Mens kon altyd op hom staatmaak vir hulp, en sy vriendelike glimlag was altyd daar. Daan was Hoofouderling van die NG Kerk, lid van die Kerkkoor en bowenal 'n uitgesproke Kind van God. Hy was ook een van die klub se beste gholfers. Ons gaan hom baie mis. Rus in vrede, Daantjie!
**Gholfklub Bestuur.**

Gholfspel op Saterdag, 23 Augustus 2025 was buite die kwessie met die weersomstandighede, maar gelukkig kon sake Woensdag en Vrydag op die gholfbaan uitgespook word. Johan Coetzee wen Woensdag se Enkel Stableford, met Callie Lourens wat Vrydag se 9-putjie Enkel Stableford kompetisie inpalm.

**Woensdag, 20 Augustus:**
Johan Coetzee wen die Enkel Stableford met 37 punte, gevolg deur Solly Wessels 36, Berty Sassman 34, Cecil Galloway 34, Rene Myburgh 32, Marietjie de Villiers 32, Jacques Louw 31, Philip Taylor 30, Christo Spanellis 29 en John Wellman 28.
Spog Twee: Christo Spanellis (8).


**Vrydag, 22 Augustus:**
Callie Lourens wen die 9-putjie Enkel Stableford met 18 punte, gevolg deur Sakkie van der Merwe 18, John Smith 15, Johan du Preez 14, Jacques Louw 14, Leon le Grange 13 en Corrie Avenant 12.

**Saterdag, 23 Augustus:**
Geen gholf as gevolg van die weer.

**Verjaarsdae:**
Julien Miehe (27ste), Gavin Flint (28ste), Elaine van Zyl (29ste) en Duri Trechsel (31ste).

**Saterdag, 30 Augustus:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0543**



Johan Coetzee


Callie Lourens


Daan Victor










Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




# Stormweer stuit nie hengelaars...
# Jaarlikse Galjoen Kompetisie reuse sukses

'n Groot groep hengelaars het in stormagtige weer, 'n woelige see en 'n erge wind vasgestaan langs die viswaters en gehelp om die jaarlikse en gewilde Galjoen Kompetisie op Saterdag, 23 Augustus 2025, 'n enorme sukses te maak.
“Met groot dank teenoor elke deelnemer,” het Riaan Booysen, organiseerder, dankbaar gesê. Dit was Riaan se vierde jaar as organiseerder van hierdie kompetisie. Die kompetisie is deur die NG-Kerk onder leiding van Riaan, ten bate van Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes, Silwerjare Dienssentrum en ander Liefdadigheidsprojekte aangebied. Die meeste deelnemers is ruim 'vergoed' vir die dag se opofferinge: pryse wat nie te versmaai is nie, is oorhandig - dit gewissel tussen R250 en R2000. Dan het die groot hoeveelheid gelukstrekkings (R500 elk) die hengelaars breed laat glimlag.

Daar was nie minder nie as 113 hengelaars wat deelgeneem het: 18 spanne van vier deelnemers elk (72), plus 41 individuele deelnemers. Harry Tobias van Gansbaai Primêr se jong span word spesiaal genoem vir hulle spontane deelname: Johannes Fortuin, Jordan Baardman, Blair Dyk en Le Roy Pieters. George Wiesie se stoeiklub het ook deelnemers ingeskryf - “dit is goed om te weet ons jeug stel ook belang,” het Riaan gesê.

**Visse ingeweeg:**
17 x galjoene groter as 35cm; 3 x steenbras groter as 60cm; 1 x hangberger (hottentot); 1 x kolstert. Verder is 12 visse deur individuele hengelaars gevang en losgelaat.


Devan Groenewald (5).


Riaan en Judith Booysen, saam met Elcine Hulme en Fanie Bothma met die liefdadigheids-instansies se koeverte.


Gansbaai Primêr.


Gansbaai Stoeiklub.

**Individuele wenners:**
Swaarste galjoen (1.46kg) - JP Groenewald; 2de swaarste galjoen - Hennie Groenewald; 3de swaarste galjoen - JP Groenewald; Ander vis (steenbras) - Koos Meyer.

**Wenspanne:**
1ste plek: Agrisa, met 'n totale gewig van 5.07kg - Jacques Haasbroek, Hein Engelbrecht, Charl Marais en Christo Venter; Swaarste ander vis: Steenbras (3.58kg) - Johan Lesch; Grootste loslaat: Perlemoenmanne - Sean Nel; Meeste losgelaat: Hennie Groenewald.

“Die jaarlikse Galjoen Kompetisie vir die gemeenskap sou nie moontlik wees sonder getroue borge wat ons ondersteun nie,” sê Riaan.
Vanjaar se borge was: *Emile Calitz van Gansbaai Arrie Nel Apteekgroep (hoofborg); Kobus Delport van Delta Logistics; De Wet Grobelaar; Heino Uhde van Australië; Cornie Swart van Seef Eiendomme; Dippies Car Spa; Estelle en Glen van Rooyen van Eeden Eiendomme; Fish Fever, Gansbaai; Franskraal Minimark; Gansbaai Car Wash; Gansbaai Sport & Tackle; Gansbaai Superspar; NGK Gasvryheidsbediening vir eet en drink; Stephan Vermeulen van Wineways Wyne; Suretha van Bergen van Re/Max Gansbaai; Wessel Symington Prokureurs; Worcester Sport; Johan Terblanche van Kleinen Sorgen.*

“Ek is baie tevrede met die verloop van die dag en wil graag al my mede-helpers van harte bedank vir hulle bydraes,” het Riaan gesê. “Ons sal vir volgende jaar beslis 'n paar wysigings in die regulasies aanbring om sake nog beter en interessanter te laat verloop,” het hy die Gans-Berg Nuus meegedeel.

**Hardus Botha**

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps.
We offer an on-site service

028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za